**NOTULE VAN LEDE VERGADERING**
**8 MEI 2018**

PIETERSBURG PIETERSBURG

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING / STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | Opening en verwelkoming / Opening and welcoming<br>Andre | Lourens |
| **1.2** | Voorlees van Doelstellings<br>5.1 Om kennis op te doen van die wild- en natuurlewe.<br>5.2 Om met ander organisasies en instansies saam te werk wat dieselfde, en soortegelyke doelwitte nastreef as hierdie Vereniging en in die algemeen alles te doen wat bevorderlik is vir die bewaring, beskerming, aanvulling en volhoubare benutting van die wild- en natuurlewe in die algemeen.<br>5.3 Om die jag van wild op selektiewe, oordeelkundige en etiese wyse in die algemeen te bevorder en niks te doen of toe te laat wat strydig is met enige landswet, of ordonansie met betrekking tot wildbewaring en natuurlewe in die algemeen nie.<br>5.4 Die Vereniging is ‘n **nie-wins** Organisasie.<br>5.5 Die Vereniging is ‘n **nie-politieke** Organisasie en het geen politieke affiliasie nie.<br>5.6 Om ons kultuurerfenis van jag- en jagwapens te behou en enige bedreiging daarteen ten sterkste teen te staan. Om hierdie kultuur van jag- en jagwapens aktief uit te leef, te bevorder en uit te brei, veral onder die jeug. Om deel te wees, volgens keuse, van enige verteenwoordigende verkose liggaam, organisasie of vereniging wat op ‘n gekoordineerde wyse hierdie jag- en jagwapen-kultuur beskerm en uitdra. | Lourens |
| **1.3** | Verskonings / Apologies<br>Janco Erasmus, Nico Wepener, Andre Jonker, Quenton Reynolds, Stan Rodgers, Antoinette Delport, Dennis Traynor, Andre de Villiers, Manie du Preez, Johan Meiring, Jimmy Scott, Kallie Mouton, Johan Potgieter, Kobus Burger, Corrie Nel. | Almal |
| **1.4** | Presensielys / Attendance List<br>Sirkuleer. | Almal |
| **1.5** | Mosies / Motions<br>1.5.1 Tania Meiring in hospitaal, ons wens haar n spoedige herstel toe. | Almal |
| **1.6** | Korrespondensie / Correspondence<br>1.6.1 Geen ontvang. | Lourens |

| | | |
|---|---|---|
| **1.7** | Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting<br>1.7.1 Voorlees: vorige notule / Reading: previous minutes<br>1.7.2 Regstellings: vorige notule / Corrections: previous minutes<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring / Proposed for approval<br>Riaan Meiring<br>1.7.4 Gesekondeer / Seconded: Jaques | Lourens |
| **1.8** | Vasstelling van die sakelys – nuwe sake vir bespreking<br>1.8.1 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Lede word versoek om seker te maak dat hulle binne die wetsbepalings bly rakende die hernuwing van lisensies.<br><br>1.8.2 Vuurwapen bevoegdheid hernuwings<br>Lede word herinner daaraan dat hulle aandag moet gee aan die regulasies rakende bevoegdheids hernuwings.<br><br>1.8.3 Wapensmid dokumente<br>Blykbaar, word daar by die Westernburg kantoor aangedring op die voltooiing van n SAP521G met die heraansoek van lisiensies. Geen amptelike skrywe is daaroor ontvang nie. BJV Uitvoerend gaan hierdie aspek by CHASA se vergadering bespreek.<br><br>1.8.4 Facebook<br>Baie dankie aan Andre de Villiers vir die skitterende videoclip van ons April skietdag.<br><br>1.8.5 Skietkalender 2018/2019<br>Die voorlopige kalender sal aan die lede wat die vergadering bygewoon het gesirkuleer word. Daar word van hulle verwag om terugvoer te gee voor die Junie vergadering. | |
| **1.9** | Sake voortspruitend / Matters arising<br>1.9.1 Skietbaan<br>Oom Kallie se kantoor vorder fluks.<br><br>1.9.2 Nuwe lede – Goedkeurings<br>Geen ontvang. | Lourens |

| | | |
|---|---|---|
| **1.10** | Opleidingsverslag / Training report<br>1.10.1 Chasa kursus<br>Geen terugvoer<br><br>1.10.2 Junior Opleiding<br>Pieter Wentzel van Uitvoerend het die inisiatief geneem om by PHS n versoek in te dien vir belangstelling in so n opleidings sessie. Debbie het blykbaar al meer as 10 name ontvang van belangstellendes. Die versoek is dan ook dat ons daarna kyk om dit tydens die skool vakansie aan te bied. Stan Rodgers sal opvolg.<br><br>1.10.3 Baan beampte opleiding<br>Geen terugvoer. | <br>Stan |
| **1.11** | Toegewydejagters / Dedicated hunters<br>1.11.1 Algemeen<br>Lede moet seker maak dat hulle die vereistes om hulle toegewyde status te behou nakom en op datum hou.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen aansoeke ontvang. | Lourens |
| **1.12** | Finansiële verslag / Financial report<br>Ben Redelinghuys hou verslag voor. | Tesourier / Treasurer |
| **1.13** | Sosiaal<br>1.13.1 Algemeen: lede word versoek om die lys vir saam eet na die vergadering in te vul. Die tak betal steeds R35/persoon. | <br>Sosiaal |
| **1.14** | Skietdae<br>1.14.1 21 April 2018 Skietdag.<br>Heerlike skietdag waar talle beampte reeds van vroeg af besig was om die bane op te stel. Twee bane is opgestel, die eerste was n mini-bosbaan waar met senterslag gewere na bok-teikens geskiet is op afstande wat gewissel het van 40 tot 160m. Die beamptes het n heerlike baan opgestel en hulle uitstekend van hul taak gekwyt. Baie dankie hiervoor, asook vir die fokus wat op wapen veiligheid geplaas was.<br>Die tweede baan was n gekombineerde .22LR silhouette en lug geweer baan. Beide hierdie afdelings het goeie ondersteuning van ons lede gekry. In totaal het 28 skuts aan die skietdag deelgeneem.<br><br>1.14.3 BJV skietdag 19 Mei 2018<br>Sien goedgekeurde skietkalender. | Lourens |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING / NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 2.1 | | |
| 2.2 | | |
| 2.3 | | |

## 3. ALGEMEEN / GENERAL

| No | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 3.1 | | |
| 3.2 | | |
| 3.3 | | |

## 4. Volgende vergadering.
## Next meeting.

Ledevergadering – 05 Junie 2018 om 18:00 by die klubhuis.

## 5. Afsluiting/Closing